Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 20 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. ŉ Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.
2. As ŉ kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ŉ streep word deur die tweede vraag getrek.
3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.
4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ŉ motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.
5. Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 2 of nul punte omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word.
6. Vir WAAR/ONWAAR – of FEIT/LUG JOU MENING vrae, word die punte verdeel:

   Slegs ŉ punt vir die motivering word toegeken.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR korrek is, en die motivering is korrek, verdien die kandidaat slegs **EEN** punt.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is korrek, word **GEEN** punte toegeken nie.
7. Fals (Vals) kan aanvaar word. (False is egter verkeerd, want dit is Engels).
8. Indien die kandidaat woorde uit ŉ **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
9. Aanvaar dialektiese variasies.
10. Indien die kandidaat **krutaal** gebruik, word die **kruwoorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kruwoord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
11. Waar EEN-WOORD antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
12. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.
13. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
14. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.
15. As ŉ spelfout die betekenis van ŉ antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: *KRINGE IN ’N BOS* – Dalene Matthee

1.1 1.1.1 masels / die godsiekte (1)

1.1.2 Sara is ook in November dood.
Saul het Oupoot die eerste keer gesien.
Saul het uitgevind die bloubokkie se gal sit nie in sy kop nie.
Saul het weerbarstig geraak oor die leefwyse van die Bosmense.
Saul en Josef het verskil oor die leefwyse van die Bosmense.
(Enige 2 x 1) (2)

1.1.3 Sy het hom leer lees en skryf. (1)

1.2 1.2.1 Joram het trots aangekondig dat dit sy seun, Saul, se 14de verjaarsdag was. (1)

1.2.2 Sy pa en die bosmense het geglo dat die gal van die bloubokkie in sy kop sit EN Saul nie./
Saul se pa het geweier om ’n ander leefwyse anders as dié van ’n houtkapper te oorweeg TERWYL Saul begin delf en selfs ’n besigheid begin het.
(ALBEI KANTE VAN VERSKIL MOET GENOEM WORD – 2 of nul) (2)

1.2.3 Sy maak ’n spesiale vleisete. (1)

1.3 1.3.1 Saul het sterker / ’n man begin word. (1)

1.3.2 Joram het verwag dat Saul moes help hout uitsleep.
Saul moes eendag ’n kalander afkap. (2)

1.4 Saul het gevoel asof hy nog ’n kind was, maar het ook besef dat hy nou ’n man begin word het. (1)

1.5 1.5.1 Saul het ryk geword.
Saul het die wêreld buite die bos ervaar.
Saul het liefde gevind. (Enige 2 x 1) (2)

1.5.2 Saul het sy pa oor die gal van die bloubokkie gekonfronteer.
Saul het geweier om die kalander af te kap soos sy pa hom beveel het. (Enige 1 x 1) (1)

1.5.3 Saul se familie het hom verwerp. (1)

**EN**

1.6 1.6.1 Saul moes ’n suksesvolle besigheid agterlaat./
Saul is deur oom Abraham as meubelmaker opgelei. (1)

1.6.2 Saul het geheg geraak aan oom Abraham-hulle./
Saul was ’n groot hulp vir oom Abraham-hulle. (1)

1.7 1.7.1 Saul was baie geheimsinnig oor homself. / Saul het nie veel oor homself gesê nie. (1)

1.7.2 Die mense in Swellendam was vriendelik / opreg TERWYL die mense in Knysna bevooroordeeld was. (ALBEI KANTE VAN VERSKIL MOET GENOEM WORD – 2 of nul.). (2)

1.8 1.8.1 was geforseer om (1)

1.8.2 Daar het 'n leegte in hom ontstaan./
Sy hart was in Knysna. (1)

1.9 A / Saul se familie kon nou hulle hout aan sy meubelmakery verkoop. (1)

1.10 Saul het 'n bossie agter hom hoor kraak.
Saul wou weet hoekom Kate hom agtervolg het.
Kate het hom van die dag vertel toe haar woorde hom baie seergemaak het.
Kate het Saul versoek dat hulle van hulle bittere verlede vergeet. (4)

1.11 1.11.1 afkeuring
1.11.2 ernstig
1.11.3 Engeland (3)

1.12 1.12.1 B / Joram
1.12.2 C / Maska
1.12.3 E / MacDonald
1.12.4 D / Joseph

(4 x 1) (4)
**[35]**

**VRAAG 2:** ***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM*** **– Marita van der Vyver**

2.1 Hulle albei het skryftalent / ryk verbeelding. (1)

2.2 Beyers was baie geduldig met Mana se andersheid.
Beyers het Mana verstaan.
Beyers het met die dissipline van die kinders gehelp.
Beyers het Mana se kinders aanvaar/liefgehad soos sy eie.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

2.3 2.3.1 Mana hou daarvan dat haar kinders haar op haar naam noem.
Mana dra snaakse kleurvolle klere. / Mana steek verfkwaste in haar hare.
Mana hou nie van stereotipiese rolle nie.
Mana weier om iets omtrent die gaping tussen Hanna se voortande te doen.
Mana dra nie grimering nie.
Mana was nie baie betrokkke by die huishouding nie/kan nie lekker kos maak nie.
Mana het haar familie saam op haar wittebrood geneem.
(Enige TWEE OF soortgelyk) (2)

2.3.2 Beyers het vir Mana ʼn pietersielieruiker en ʼn groot aartappel gegee. (1)

2.4 2.4.1 Hanna kon haar skryftalent / vrugbare verbeelding wys.
Hanna kon in haar stories die lewe lei wat sy graag wou.
Hanna kon die gesin / voorkoms hê wat sy altyd wou gehad het.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.4.2 Hanna het besef dat sy Fabienne nie meer nodig het nie, want sy was tevrede met haarself en haar unieke gesinslewe./
Hanna het besef dat Fabienne se lewe glad nie so perfek was nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.4.3 JA, Jy ontsnap daardeur van die onsmaaklike werklikhede in jou lewe.
**OF**
NEE, Fantasie verander nie ʼn mens se werklikheid nie. (1)

2.5 Mana het besluit om die gesin saam te neem op haar wittebrood op die berg. (1)

2.6 2.6.1 Hanna het gevoel dat Margot haar kinders afgeskeep het.
Hanna het gevoel Margot gee voor wat sy nie is nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.6.2 Margot het die leiding geneem met die geboorte van Mana se baba.
Margot het die gesin laat saamwerk toe hulle moes help met die geboorte van die baba.
Margot se kinders kon tyd met hul ma deurbring.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.7 | 2.7.1 | Beyers het op die tweede dag besluit dat almal saam sou stap. | (1) |
| | 2.7.2 | Mana het die gesin in spanne verdeel om die huistakies te doen. | (1) |
| 2.8 | Hanna het aanvanklik nie haar vakansie geniet nie. | | (1) |
| 2.9 | "... net ŉ entjie" | | (1) |
| 2.10 | 2.10.1 | Hanna was skaam oor haar anderse gesin.<br>Hanna was skaam oor die toestand van die huis.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) |
| | 2.10.2 | B / Sharon die eenvoud van Hanna se gesin geniet. | (1) |

**EN**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.11 | Margot het by hulle op die berg aangesluit. | | (1) |
| 2.12 | Die skrywer probeer die spanning verhoog. | | (1) |
| 2.13 | Amos was opgewonde, MAAR Yann was ontevrede.<br>(ALBEI KANTE VAN VERSKIL MOET GENOEM WORD - 2 of nul) | | (2) |
| 2.14 | Margo het met ŉ gehuurde Golf opgedaag.<br>Sharon het gereken dat Hanna ook ŉ heks was.<br>Gavin het op dramatiese wyse opgedaag.<br>Almal het die aand charades gespeel. | | (4) |
| 2.15 | Dit was oor Hanna se negatiewe houding teenoor Margot. | | (1) |
| 2.16 | 2.16.1<br>2.16.2<br>2.16.3 | sing<br>in die motor<br>ŉ spesiale ete | (3) |
| 2.17 | 2.17.1<br>2.17.2<br>2.17.3<br>2.17.4 | B / Fabienne<br>D / Amos<br>C / Gavin<br>A / Margot (4 x 1) | (4) |

**[35]**

## VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

3.1 3.1.1 Elsabet het nog van haar historektomie-operasie herstel. (1)

3.1.2 Elsabet was nie gelukkig in haar huwelik met Jacob nie.
Elsabet het soos ŉ gevangene op Meeuland gevoel.
Elsabet was nog lief vir Fred. (3)

3.2 3.2.1 frustrasie (1)

3.2.2 besorgdheid
wysheid
behulpsaamheid
naïwiteit (ENIGE TWEE) (2)

3.3 3.3.1 Elsabet was nog lief vir Fred alhoewel sy met Jacob getroud was. (1)

3.3.2 Elsabet en Fred het skelmpies ŉ passievolle ontmoeting gehad. (1)

3.3.3 Ja, sy moet by haar huweliksbelofte en keuse bly.
**OF**
Nee, dis was moeilik om teen haar hart te baklei. (1)

3.3.4 Fred het Kinnie swanger gemaak die dag toe hy haar verkrag het. (1)

3.3.5 Fred moes vir Skalla belowe dat hy sou stilbly oor Skalla se onwettige bedrywighede/Skalla het Fred afgepers. (1)

3.3.6 C / Janka se mediese onkoste betaal het. (1)

3.3.7 Elsabet se baba het by geboorte gesterf. EN
Ryna en Jannerik ruil Kinnie se baba in die plek van Elsabet s'n toe Kinnie sterf met Janka se geboorte. (2)

3.3.8 Fred wou hê Elsabet moes Jacob los en hom vat. (1)

3.3.9 Elsabet sou dan by haar eintlike liefde wees.
Elsabet en Janka sou ook finansieel daarby gebaat het. (2)

3.3.10 Elsabet het uitgevind dat daar iets tussen Fred en Jackie Stevens is. (1)

3.3.11 Elsabet het besef dat Jacob die enigste man is wat haar regtig liefhet. (1)

**EN**

3.4 Sy sou Jacob skei./ Sy sou by Fred intrek. (1)

3.5 Al die mense in Salamanderbaai sou van haar geskinder het. (1)

3.6 Jacob het haar op Meeuland afgeskeep ter wille van sy werk. (1)

3.7 Elsabet se baba het by geboorte gesterf.
Kinnie het by Janka se geboorte gesterf.
Elsabet het verdrink.
Ryna en Jacob het mekaar gevind. (4)

3.8 Ryna was 'n opgeleide onderwyseres en kon haar dus met haar skoolwerk help. (1)

3.9 3.9.1 boom plant
3.9.2 Ousanna
3.9.3 onselfsugtig (3)

3.10 3.10.1 C / Jacob
3.10.2 B / Elsabet
3.10.3 A / Ryna
3.10.4 D / Skalla (4)
(4 x 1) **[35]**

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

4.1 Dis die name van die plekke wat sy eendag gaan besoek. (1)

4.2 Onnodige aandag/vrae (1)

4.3 Lien het nie van skool gehou nie. **EN**
Die sorge van die lewe het swaar op haar gerus. (2)

4.4 4.4.1 Lien se ma was ŉ alkoholis.
Lien se ma het nie juis met die huishouding gehelp nie.
Lien se ma het nie haar kinders emosioneel ondersteun nie. (3)

4.4.2 Lien se pa was in die tronk as gevolg van bedrog. (1)

4.4.3 Tant Malie het vir Lien by haar koffiewinkel werk aangebied. (1)

4.5 Ja, almal hanteer teleurstellings verskillend.
**OF**
Nee, ŉ mens het altyd ŉ keuse/Drank is nie die oplossing nie. (1)

4.6 4.6.1 Lien het nie geld vir die afskeiduitgawes gehad nie.
**EN**
Lien hou nie van die aandag nie. (2)

4.6.2 Wouter was onselfsugtig / ondersteunend / verstaanbaar / verstandig. (1)

4.6.3 Wouter het voorgestel hulle gaan met denims en T-hemde.
**EN**
Wouter wou ŉ uniform en ŉ helikopter by die weermag leen. (2)

4.7 Dit het haar ontvlugting gebied.
Dit het haar die idee gegee om haar te vermom wanneer sy bedel.
Dit het haar gehelp om haar loopbaankeuse te maak. (Enige 2) (2)

4.8 Lien het by Tant Malie se koffiewinkel gewerk.
Lien het vir geld gebedel.
Lien het vir haar onderwyser gelieg.
Lien het by Creations gewerk. (Enige 2) (2)

4.9 krieketspan geborg (1)

4.10 Lien het die sleutel van die rekwisietekamer gevat en gesoek na wat sy nodig het .
Lien het huiwerig uit die bus geklim en dit oorweeg om weer terug te klim.
Lien het die skoene in Pep se venster gesien.
Lien het mettertyd gewoond geraak aan die lewe op die straat. (4)

**EN**

4.11 4.11.1 Braam ontsnap na die verlede toe dit nog goed gegaan het.
Braam was byna nooit by die huis nie.
Braam het niks omtrent sy situasie gedoen nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.11.2 Braam kon sodoende vergeet van sy omstandighede/
Braam kon sodoende vashou aan goeie herinneringe. (Enige 1) (1)

4.12 A / die goeie tye van die Jooste-gesin. (1)

4.13 Dis normaalweg arm swartmense wat by verkeersligte bedel. (1)

4.14 4.14.1 positiewe
4.14.2 lojaal
4.14.3 fokus (3)

4.15 4.15.1 E / Christien se man
4.15.2 A / Tannie Bets
4.15.3 B / Dirkie
4.15.4 C / Wouter

(4 x 1) (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 5: *POPPIE-DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

5.1 by die melkery (1)

5.2 5.2.1 teen die passe / permitte / apartheidswette (1)

5.2.2 Ja, soms word daar net geluister wanneer daar protesaksie is./
Soms word daar nie geluister tensy daar protesaksie is nie.

**OF**

Nee, kommunikasie is die beste oplossing./
Stakings lei tot baie ander probleme. (1)

5.3 5.3.1 Stone sterf in die hospitaal / kliniek. (1)

5.3.2 Ja, swartmense was die ergste benadeel (gedurende Apartheid)./
mediese hulp vir swartmense was (gedurende Apartheid) nie goed nie.

**OF**

Nee, nie alle swartmense in hospitale was sleg behandel nie/nie alle swartmense het in hospitale gesterf nie. (1)

5.4 B / verstandig (1)

5.5 Poppie moes haar kinders agterlaat.
Poppie was met ’n Xhosa van Ciskei getroud.
Stone was siek.
Die paswette het dit vir Poppie moeilik gemaak.
(Enige DRIE of soortgelyk) (3)

5.6 Poppie het gevoel Stone het haar nodig./
Stone wou nie sy werk by die fabriek los nie. (1)

5.7 5.7.1 Ma Lena blameer Poppie vir haar probleem omdat sy met ’n Xhosa-man van Ciskei getrou het. (1)

5.7.2 Poppie bid. (1)

5.8 5.8.1 Poppie soek die versekering dat daar ’n skool vir haar kinders in die Ciskei is. (1)

5.8.2 Bonsile het ’n meisie swanger gemaak./
Bonsile het by Jakkie se politieke bedrywighede betrokke geraak.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.9 Stone het gereeld geld gestuur.
Stone het vir hulle in Ciskei gaan kuier. (1)

5.10 A / ’n vegter is. (1)

5.11 Jakkie voel dat die witmense die wette kan breek soos dit hulle pas. (1)

**EN**

**TEKS J**

5.12 Geen alkohol moet gebruik / verkoop word nie. (1)

5.13 ’n wending. (1)

5.14 Die atmosfeer was gespanne in vergelyking met die blye atmosfeer wat ’n mens gedurende Kerstyd aantref. (Noem albei kante van verskil. – 2 of nul). (2)

5.15 Hier was dit die kinders en nie die grootmense wat die leiding neem nie. (1)

5.16 Trekarbeiders (1)

5.17 Die polisie is veronderstel om nie kant te kies nie, maar om wet en orde te handhaaf. (1)

5.18 Poppie het Stone leer ken.
Poppie het die Xhosa-tradisies leer ken.
Stone het tata-ka-Bonsile geword.
Stone het ’n tweeslaapkamerhuis in Jakkalsvlei gebou. (4)

5.19 5.19.1 groot
5.19.2 veg
5.19.3 hardkoppig (3)

5.20 5.20.1 C / Ouma Hannie
5.20.2 E / Jakkie
5.20.3 D / Stone
5.20.4 A / Vukile (4 x 1) (4)

**[35]**

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

**TEKS K**

6.1 6.1.1 Willem het weggeraak. (1)

6.1.2 Katrien sê sy is moeg gesukkel./ Sy gaan vir haarself sorg.
Volgens Katrien was Hendrik ambisieloos./ treurig/ is net bek.
Volgens Katrien is Hendrik arm./ Hy kan nie eens ’n kar se wieldoppe bekostig nie/ Hy het niks nie. (Enige 3) (3)

6.2 Willem het die klip laat val terwyl hy met ’n toertjie besig was. (1)

6.3 6.3.1 ’n angsprobleem het. (1)

6.3.2 Hy sê Hendrik moet ophou raas. (1)

6.3.3 Emma sê hulle moet oor hulle probleme gesels en nie daaroor stilbly nie. (1)

6.4 6.4.1 E / Frans
6.4.2 D / Manuel
6.4.3 C / Jan Mol
6.4.4 A / Nollie (4 x 1) (4)

6.5 6.5.1 45 jaar (1)

6.5.2 “twintig jaar gelede het almal gesê” (1)

6.6 frustrasie/moedeloosheid/ongeduld (1)

6.7 6.7.1 Die Karoo/Toorwater (1)

6.7.2 Geen man sou Katrien dan van hom probeer wegvat nie (1)

6.8 Die stasies waar hy gewerk het, het al kleiner geword. (1)

6.9 Katrien het na die swak verhoudings in die gesin/ hul huwelik verwys.
**EN**
Katrien het na hul swak finansiële posisie verwys. (2)

6.10 B / Dit verwys na die plekke waar die manne by Katrien aangelê het. (1)

**EN**

6.11 Ons verwag dat die McDonalds sou uitbars van blydskap oor Willem wat nou weer praat, maar nou eet hulle in stilte. (2)
(ALBEI KANTE VAN IRONIE MOET GENOEM WORD – 2 of nul)

6.12 6.12.1 Katrien was bang dat dit Willem weer in ’n angstoestand laat verval. /
Katrien was bang hulle het verkeerd gehoor dat Willem weer praat. /
Katrien was bang iemand sê dalk net die verkeerde ding. (Enige 1) (1)

6.12.2 Ja, Willem was vatbaar vir enige iets wat hom ontstel.

**OF**

Nee, Dit was juis die oomblik waarvoor hulle al vir twee jaar gewag het. (1)

6.13 Manuel het reg op Willem afgestap en voor hom loop staan.
Manuel het vir Willem van sy toertjies in die skuur gewys.
Willem het sy fiets gegryp en agter die sirkustrein gejaag.
Willem het ’n hansworsgesig op Manuel se gesig geteken. (4)

6.14 Die spanning verhoog verder toe die familie agterkom Willem kan weer praat. (1)

6.15 6.15.1 veld toe
6.15.2 geweier
6.15.3 kommunikasie (3)

6.16 Die ou Hendrik sou weer geraas het. (1)

6.17 Volgens Emma is dit juis die kernprobleem van die McDonalds dat hulle nie oor hulle probleme gesels nie. (1)

**[35]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 7: *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

### TEKS M

7.1 Die sensusmanne / Lange en Dikke (1)

7.2 Hulle wou weet:
- die getal mense in die huis.
- die geboortedatums van almal in die huis.
- die vlak van geletterdheid van elke lid van die huis.
- wie die eienaar van die grond was.
- wat die aard van inkomste was.

(Enige DRIE of soortgelyk) (3)

7.3 Dis die sensusmanne wat al die vrae rondom die wit Benjamin se teenwoordigheid by ’n bruin familie begin het. (1)

7.4 Dit verwys na die sensusmanne wat Benjamin van Fiela af weggeneem het. (1)

7.5 Verhoog die spanning/afwagting. (1)

7.6 Sy het Benjamin een oggend op haar voorstoep ontdek. (1)

7.7 Dit was toe sy na ’n week besef dat Benjamin te geheg aan haar geraak het. / Niemand het hom opgeëis nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.8 Hulle het diervelle / volstruisvere verkoop. (1)

7.9 vasberadenheid
sin vir besigheid
geldwys
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

7.10 Die sensusmanne het Benjamin se teenwoordigheid by haar bevraagteken. (1)

7.11 7.11.1 Volgens Lange gaan die bruin kinders saans weer huis toe. (1)

7.11.2 Fiela het besluit om nie langer na Benjamin se biologiese ouers te soek nie.
Die sensusmanne het Bejamin by die Komoeties ontdek.
Die sensusman het Barta voorgesê watter kind om te kies.
Benjamin se naam het na Lukas verander. (4)

7.11.3 Ja, ’n kind hoort by sy ouers. / Almal moes die Apartheidswette gehoorsaam.

**OF**

Nee, hulle sou die verduideliking aanvaar het. (1)

7.11.4 Fiela het besef dat die kind te geheg aan haar geraak het. (1)

**EN**

**TEKS N**

7.12 7.12.1 Hy is Fiela Komoetie se kind. (1)

7.12.2 Fiela is nie soos Barta in die hof toegelaat nie.
Barta is voorgesê wie Benjamin was.
Die Magistraat baseer sy bevindinge (op Barta) se leuens.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

7.13 7.13.1 Hy het gesê hy is Fiela se kind. (1)

7.13.2 Fiela was al ma wat hy geken het./ sy eie ma het hom nie opgeëis nie. (1)

7.14 Elias het Benjamin later baie sleg behandel. (1)

7.15 Sy ken haar man as iemand wat wreed is met die kinders. (1)

7.16 B / Benjamin en Nina was albei buitestaanders in die Van Rooyen-gesin (1)

7.17 7.17.1 sensusmanne
7.17.2 nie sy ouers kon opspoor nie
7.17.3 liefdesmaat (3)

7.18 7.18.1 D / Selling
7.18.2 A / Nina
7.18.3 C / Barta
7.18.4 E / Fiela (4 x 1) (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**AFDELING C: KORTVERHALE**

***SPIEËLBEELDE***

**VRAAG 8**

**TEKS O**

**DIE WELDOENER – T.T Cloete**

8.1 8.1.1 Marin Marais-konservatorium (1)

8.1.2 Dit was enige sanger se droom /Dit was die beste. (1)

8.2 8.2.1 pandit (1)

8.2.2 Gawie is ŉ kenner op die gebied van musiek. (1)

8.3 8.3.1 Jongmense hou van geraas maak tot laat in die aand./hou daarvan om te drink./dans. (1)

8.3.2 doodstil x lawaai
ontspanne x onnatuurlike (Enige 1) (1)

8.3.3 Dit was ook as gevolg van sy vriende se negatiewe kommentaar wat hom baie seergemaak het. /
Hulle het baklei en hy het seergekry. / Sy enkel is verstuit. (1)

8.4 Die jongman se braaksel het na alkohol geruik./Hy ruik suur./Hy lê in sy braaksel./Die seun mompel./Hy probeer orent kom. (Enige 1) (1)

8.5 8.5.1 Hulle het hom in die openbaar gekritiseer.
Hulle het hom net daar op die strand agtergelaat.
Hulle het baklei. (Enige 2) (2)

8.5.2 Hulle is nie ware vriende nie.
Hulle is soos die minderes / (die wat nie kan nie) wat kritiseer. (2)

8.5.3 Hulle moes hom aangemoedig / gekomplimenteer het. (1)

8.5.4 Gawie dink aan hoe hy ook studente moes sê dat hulle nie goeie stemme het nie. (1)

8.6 Hy trek die deur toe op:
- sy ou vriende.
- die mense (wat nie weet nie) se kritiek.
- wat daardie aand gebeur het. (2)

8.7 B / Die skrywer gebruik ŉ alwetende verteller. (1)

**EN**

**ROT IN ’n VAL – H. du Plessis**

**TEKS P**

8.8 Die titel voorspel dat ’n fisiese / figuurlike rot gevang gaan word.
Die leser wonder oor hoe die rot in die val gaan beland. (2)

8.9 Lerato het ’n vreemdeling in die huis toegelaat. (1)

8.10 Die skelm was so bang vir Igundane dat sy nie wou beweeg het nie. (1)

8.11 Klein Penuel is by ’n veelrassige skool.
Swartmense woon in die voorstad.
Swartmense het bediendes.
Swart en wit polisielede werk saam.
(Enige DRIE of soortgelyk) (3)

8.12 Lerato het parkering by die winkelsentrum gesoek.
Lerato het vir haar en Angelina tee gemaak.
Lerato het toegelaat dat Kuku by die deur inkom.
Lerato se vinger het om die mes se hef geklem. (4)

8.13 8.13.1 Voorspelling van
8.13.2 vrees
8.13.3 later (3)

8.14 8.14.1 D / sersant Roets
8.14.2 C / Klein Penuel
8.14.3 A / Antie Grace
8.14.4 B / Groot Penuel (4 x 1) (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

***VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL***

**PRYSLIED – Antjie Krog**

**VRAAG 9**

9.1 Die Uniegebou (in Pretoria) (1)

9.2 Hy was die beste van almal./Hy is ŉ gesiene leier. (1)

9.3 Nelson Mandela het ouer geword./Sy hare was eers houtskool (swart) en toe as (grys). (1)

9.4 Eers word ŉ uiterlike beskrywing van Nelson Mandela gegee.
Hierna volg sy biografiese besonderhede.
Dan volg die rol wat hy gespeel het. (3)

9.5 Menslik (1)

9.6 Alleenplasing /
Alliterasie (Enige 1) (1)

9.7 "ons prys hom" (1)

9.8 Die standbeeld staan vir altyd daar; NIE soos Nelson Mandela wat vir kort rukkies verdwyn het nie.
(ALBEI KANTE VAN VERSKIL MOET GENOEM WORD – 2 of nul) (2)

9.9 "getrokke tak" (1)

9.10 Hy het versoening bewerkstellig.
(Ook: Aanvaar enige positiewe antwoord wat op VERSOENING/VREDE dui.) (1)

9.11 Die gedig verwys na die standbeeld waar hy nie lag of huil nie./Mandela was iemand wat ernstig was oor belangrike sake soos vryheid en vrede./
Hy was onverstoorbaar;/hy raak nie maklik ontsteld nie./
Die strofe beskryf sy verlede as die leier van die verbode Umkhonto we Sizwe.
(ENIGE EEN OF SOORTGELYK) (1)

9.12 "hy draai ons na mekaar toe vir mekaar" (1)

9.13 Dit was as gevolg van Apartheid / rassediskriminasie. (1)

9.14 Sonder vrede het ŉ nasie geen toekoms nie. (1)

9.15 Dit het nie ŉ vaste rymskema nie.
Die strofes is nie almal ewe lank nie (Enige 1) (1)

**EN**

**HUISKAT – Elisabeth Eybers**

9.16 9.16.1 Die kat is sonder ’n siel.
Die kat se oë word met smal skerwe van agaat vergelyk
Die kat se oë staar koud.
Die kat is arglistig/boos.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

9.16.2 Die spreker het die kat gesteriliseer.
Die spreker was moontlik ook nie baie lief vir die kat nie, want hy het die kat nooit ’n naam gegee nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

9.17 “fluwelig” (1)

9.18 Die kat het dit nodig om sy prooi te vang. (1)

9.19 Ja, dis om die getalle te beheer.

**OF**

Nee, alle diere is veronderstel om vry van die mens se beheer te wees (1)

9.20 9.20.1 Die kat sluit haar oë smalend.
Die kat wil nie hê die spreker moet aan haar vat nie/kruip by sy greep verby. (2)

9.20.2 “steeds eenselwig” (1)

9.21 D / hierdie ’n voorbeeld van personifikasie is. (1)

9.22 9.22.1 wat die kat doen
9.22.2 hoe die kat lyk
9.22.3 die kat se houding (3)

9.23 9.23.1 B / personifikasie
9.23.2 E / metafoor
9.23.3 A / vergelyking
9.23.4 D / enjambement (4 x 1) (4)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou